# 10DE MAAND REEKS

## Huisgeloof- en groeigroepmateriaal

**INLEIDING:**

'n Reis van **nege weke** om te ontdek wat dit werklik beteken om te gee – nie net finansieel nie, maar van **ons tyd, ons gawes en ons besittings.** Hierdie reeks, *"Gawes wat Lewe Bring"*, neem ons stap vir stap deur die Bybelse beginsels van vrygewigheid en help ons verstaan dat gee **'n leefstyl van geloof en vertroue in God** is.

Elke week sal ons fokus op 'n spesifieke aspek van gee: van die besef dat alles wat ons het aan God behoort, tot hoe ons ons tyd, talente en finansies kan gebruik om ander te seën en die Koninkryk van God te bou. Ons sal ook weekliks **konkrete uitdagings hê,** sodat ons nie net hoor en leer nie, maar ook prakties kan leef en ervaar wat dit beteken om vrygewig te wees.

Die doel is dat ons as gemeente nie net finansieel vrygewig is nie, maar dat ons **hart, hand en lewe** geanker word in die gees van gee wat lewe bring – vir ons, vir ander en vir God se koninkryk.

Kom saam met ons op hierdie reis en ontdek hoe **julle gawes lewe kan bring** in die wêreld rondom julle.

**Verloop**

1. **Lief en leed**:

Deel met mekaar hoe dit met elkeen gaan

2. **Gebed**

Tree in vir mense in nood, vir die gemeente en vir mekaar.

3. **Gestuur**

Bid hierdie week vir dié stuursel (sending projek) wat op julle groep se hart lê.
(Laat iemand uit jul groep kontak maak oor die gebedsbehoeftes)

## Skrif:

**Teks:**
**Matteus 6:19–21**

*Skatte in die hemel*

19 "Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel
nie. 20 Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en
dit steel nie. 21 Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees."

**Sleutelgedagte:**

- Gee weerspieël ons hart; dit gaan nie oor hoeveelheid nie, maar oor opregtheid en gehoorsaamheid.

Dink weer terug aan die 40 dae en Mat 25: "Ek was honger en julle het my gevoed..."
Watter skatte moet ons bymekaar maak in die hemel waar mot en roes nie verniel nie?
*Notas*

- Wat beteken vers 21 vir julle; "waar jou skat is sal jou hart ook wees"?

*Notas*

Skatte op aarde verniel, gaan verlore of word verloor of gesteel. Ons roeping is om nie net op die tydelike te fokus nie, maar die ewige deur saam te bou en werk aan God se koninkryk en ook ons kennis, gawes, talente ens te deel dat die wêreld kan glo en tot bekering kan kom .
Hoe laat bogenoemde jou voel?

*Notas*

_____

_____

_____

_____

**Konkrete daad:**

- Sorteer klere, speelgoed of huishoudelike items wat jy nie meer gebruik nie en gee dit aan iemand wat dit nodig het

**Gebed**

Vader, mag U verheerlik word deur die gawes, talente en vermoëens wat U my gegee het. Dankie vir my daaglikse brood. Laat U koninkryk kom. Laat U wil geskied. Amen.

_____